# ,LEROUX HET DIT NIE VERDIEN NIE'

**„KAREL SCHOEMAN as skrywer het beslis meriete en ek is bly dit het na daardie kant geval. Dit kon baie erger gewees het." So voel prof. Frans van Rensburg van die Randse Afrikaanse Universiteit oor die toekenning van die Hertzogprys vir prosa.**

„Wat Leroux betref, glo ek nog altyd dit bly 'n stommiteit dat hy nie die vorige keer bekroon is vir Een vir Azazel nie. Maar na die moeilikheid met die Silbersteins was die Akademie blykbaar skrikkerig. Nou, in die veilige jare, is daar 'n agsterstand opgebou.

„Isis Isis verdien die prys beslis nie, en 18—44 ook nie alleen nie. Dit sou net bekroon kon word as dit saam met sy hele oeuvre die prys gekry het. Een boek wat wel alleenstaande bekroon kon geword het, is Duiwel-in-die-Bos van Chris Barnard."

Prof. Van Rensburg voel wel dat Schoeman se bekroning dalk 'n bietjie vroeg was. Hy glo nie hy het al die rypheid nie en wonder of 'n aanmoedigingsprys nie dalk beter sou gewees het nie.

## PROSASIN

„Maar ek is beslis nie teleurgesteld nie. Onder die huidige prosaskrywers het Schoeman die fynste sintuig vir sfeer en vir die gevoelige prosasin. Soms is daar te veel sfeer, soos byvoorbeeld in Veldslag Maar in By Fakkellig is die sfeer en die verhaal heeltemal geïntegreer sodat daar 'n mooi afwisseling is tussen stemmingsdele en dramatiese handeling."

**Daarby sê prof. Van Rensburg dat Schoeman bewys het dat die normaal opgeboude verhaal sy bestaan kan regverdig. Hy het die ou eenvoud teruggebring wat chronologiese volgorde betref teenoor veral die Sestigers se achronologiese werk.**

„In 'n resensie van By Fakkellig het ek gesê dit sou verkeerd wees om te min van Schoeman te verwag, en Spiraal het getoon dat ek reg gehad het. In teenstelling daarmee is Lug van Helder Wolke nie baie goed nie."

## ,Van ons edelste prosa'

„DIE laaste veertig bladsye van Lug Vol Helder Wolke is van die edelste prosa wat ons besit in Afrikaans," het prof. dr. N. P. van Wyk Louw gisteraand gesê. Hy wou hom nie uitlaat oor Schoeman se ander werke nie omdat hy hulle te lank gelede gelees het.

Helder Wolke, wat as die swakste van die drie boeke beskou word, het hy wel baie langdradig gevind — in die begin.